GRAADVOOGDE

Mnr. Corstiaan Vermaak
Graadvoog – A26

Me. Hybré Schoeman
Hulpgraadvoog A28/K36

AKTIWITEITSHOOFDE

ATLETIEK		**REDENAARS**	
Mnr. Jan Grabie	A14/K48	Me. Leneldi van Jaarsveld	K11
TENNIS		**PUBLIC SPEAKING EN TAFELTENNIS**	
Mnr. David Jaquire	A15/K32	Me. Yvonne Bredell	A13/K5
GHOLF		**DEBAT**	
Mnr. Cobus Coetzee	A12	Mnr. Dirk Taljard	Skakelkantoor
FIETSRY		**ONDERSTEUNINGSDIENSTE**	
Mnr. Tobias Lubbe	Sportkantoor	Me. Annette Taljaard	Leeslaboratorium
HOKKIE		**SKOOLKOERANT**	Me. Annatjie Ferreira
Me. Martinette Mans	Sportkantoor	**(Stroom-op)**	Skakelkantoor
SWEM		**FOTOGRAFIE**	
Me. Mariaan Haasbroek	A20/K52	Mnr. Billy Brown	A19
KRIEKET		**TONEEL**	
Mnr. Leon Jonker	Sportkantoor	Me. Ronel de Beer	K18
WATERPOLO		**AVONTUURKLUB**	
Mnr. Ferdinand Postma	Swembad	Mnr. Tekkies Barkhuizen	K53
SKAAK		**JUKSKEI**	
Me. Ella Schoeman	T4	Mnr. Colin Fouché	K38
KOOR EN ORKESTE		**RUGBY EN GIMNASIUM**	
Me. Estelle Matthee	Kultuurkantoor	Mnr. Jaco Koch	Gimnasium
AFFIE-ARTES		**LIG**	
Me. Erika Swanepoel	K47	Me. Izet Kleynhans	K29

Lynnwoodweg 1 Pretoria 0002 • Posbus 14078 Hatfield 0028 • Tel 012 344 3805
Faks 012 344 3907 • affies@affies.co.za • www.affies.co.za

Naam: _____ Graad 8: _____

GRAAD 8-INSKAKELINGSPROGRAM

2019

LAAT DAAR LIG WEES

SEDERT 1920

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

BOODSKAP VAN DIE HOOFSEUN VAN 2019

Beste Amper-'n-Affie

Baie geluk met die keuse wat jy gemaak het om deel te vorm van 99 jaar se tradisies, trots en broederskap. Ek kan jou verseker dat jy die regte besluit gemaak het – een waaroor jy jare van nou af dankbaar gaan wees.

Ons sien baie uit na 2019. Ons wil jou graag help ontwikkel om die ideale Affie te word wat jou 1 300 Affie-broers van jou verwag om te wees. Jou onafhanklikheidsreis begin nou. Jy gaan in hierdie tyd soete herinneringe kan versamel wat jou altyd na aan die hart sal lê. As jy dalk senuweeagtig oor die nuwe fase in jou lewe is – onthou dat jou Affie-broers altyd daar sal wees om jou deur dik en dun by te staan.

By Affies dien ons die Here en plaas sy naam bo alles. Ons plaas klem op waardes soos respek, integriteit en nederigheid, wat jou sal vorm tot 'n man van ware karakter. Jy kan fisiese, emosionele en geestelike groei verwag – die tipe groei wat elke jong man nodig het om eendag sy merk in die lewe te maak.

In die volgende vyf jaar sal jy lief word vir die rooi baksteenmure van ons skool, die wapen op jou bors met trots dra en die kleure Rooi, Geel en Groen sal deel word van wie jy is.

Sterkte met die volgende paar weke. Dit gaan besig en uitputtend wees, maar definitief iets waarna jy jare van nou af met verlange sal terugkyk.

Onthou, Affies is nie nét 'n skool nie, maar 'n leefwyse. Daag elke dag met die regte gesindheid op en wees deel van iets groter as jyself.

Laat daar lig wees

Leighton Ferreira

AFFIE-WAARDES

1. Liefde
2. Respek
3. Integriteit
4. Nederigheid
5. Gehoorsaamheid
6. Verantwoordelikheid
7. Lojaliteit
8. Gelykheid
9. Diensbaarheid
10. Dankbaarheid

SEDERT 1920

INSKAKELINGSPROGRAM

Sondag 6 Januarie

10:30 Koshuisseuns meld aan by koshuis.
11:00 Inligtingsessie vir koshuisouers
08:00 – 11:00 Klerebank oop
12:30 – 15:00 Klerebank oop
13:00 – 16:00 Constantia Uitrusters oop

Maandag 7 Januarie

08:00 – 14:00 Klerebank oop
07:30 Opening in saal (slegs seuns)
(Wit Affie-sporthemp en groen Affie-sportbroek)
07:45 Verwelkoming – Mnr. Joynt
Voorstelling van die personeel en Affieraad – Mnr. Vermaak
– Huisindeling
– Dagprogram
08:30 Akademiese inskakelings-program (Bring 'n pen en papier.)
11:30 Pouse
12:00 Akademiese inskakelings-program vervolg
14:00 – 14:30 Middagete: Koshuis-eetsaal (Alle seuns eet middagete in die koshuis. Seuns wat nie by middagprogram betrokke is nie, mag daarna verdaag.)
14:30 – 15:30 Tennisuitdunne
14:30 – 17:30 Krieketproewe
17:30 – 18:30 Waterpoloproewe

Let wel: Daar sal voorsiening gemaak word vir leerlinge wat aan verskeie proewe wil deelneem en waar tye bots.

Dinsdag 8 Januarie

08:00 – 14:00 Klerebank oop
07:30 Voogklasindeling
08:00 Atletiek- en swemuitdunne
10:30 Pouse
11:00 Atletiek- en swemuitdunne
13:30 – 14:00 Middagete: Koshuis-eetsaal
(Alle seuns eet middagete in die koshuis. Seuns wat nie by middagprogram betrokke is nie, mag daarna verdaag.)
14:00 – 15:00 Waterpoloproewe
15:00 – 18:00 Krieketproewe en tennisuitdunne
18:00 Inligtingsessie vir dagskoliere-ouers (saal)
– Ouers ontmoet die mentors

Woensdag 9 Januarie

07:00 – 08:00 Klerebank oop (ook pouse)
07:30 Vierkantopening – Dra Affie-skoolklere, maar GEEN das, baadjie of pet nie.
07:45 Verdaag na die saal.
08:00 Skoolgeskiedenis
09:00 Terreinverkenning
10:30 Pouse (saal)
11:00 Aktiwiteitsorganiseerders
– 360 projek
– LIG
13:40 Einde van die skooldag
– Middagete (Koshuis-seuns eet by die koshuis. Dagskoliere sorg self.)
– Seuns wat nie by middagprogram betrokke is nie, mag na skool verdaag.
14:30 Krieket- en waterpolo-proewe

Donderdag 10 Januarie

07:30 Vierkantopening
08:00 Aktiwiteitsorganiseerders – Redenaars-inskrywings
11:00 Pouse
11:30 Inligtingsessie
12:30 Musiekindeling
13:40 Einde van skooldag
13:30 – 14:30 Klerebank oop
14:30 Krieket-, waterpolo- en swemproewe

Vrydag 11 Januarie

07:30 Saalopening
09:00 Vertrek na Zwartkloof vir avontuurkamp.
(Wit Affie-sporthemp en groen Affie-sportbroek)

Saterdag 12 Januarie

Avontuurkamp te Zwartkloof

Sondag 13 Januarie

12:30 Arriveer by AHS en help daarna met opstel van atletiekbaan.
14:00 Verdaag. (Koshuisseuns mag tyd saam met hulle ouers spandeer.)
17:00 Koshuisseuns terug vir aandete.
18:00 Woon kerkdiens saam met AHMP-koshuisleerlinge by.

Maandag 14 Januarie

07:30 Vierkantopening – voog-klasse
08:00 Atletiekinterhuis
17:00 Verdaag na opruiming.

Dinsdag 15 Januarie

Ontvang akademiese roosters in voogklasse.
Begin met akademiese klaswisseling.
Pouse: Skoonmaak van graad 12's se skoene:
– Vierkant
– Bring borsel, lap en skoenpolitoer
Middae: Betrokke by sport-aktiwiteite volgens spanne se oefentye.

Woensdag 16 Januarie

08:00 Sweminterhuis (Hillcrest)
14:30 – 16:00: Aktiwiteite saam met graad 8's van AHMP (AHS)

Donderdag 17 Januarie (Pouse)

Graad 8-toets

Vrydag 18 Januarie (Pouse)

Terugvoer oor graad 8-toets

Maandag 21 Januarie

Pouse: Oefening: Inhuldigingsaand

Dinsdag 22 Januarie

Pouse: Oefening: Inhuldigingsaand

Woensdag 23 Januarie

Pouse: Oefening: Inhuldigingsaand
– Affie-liedere en -kreet

Donderdag 24 Januarie

Pouse: Reëlings in verband met inhuldigingsaand
17:30 Kleedrepetisie:
– Volle skooldrag
– Affie-pet en das word in die hand gedra
18:30 Inhuldigingsaand:
– Ligte verversings na afloop van die funksie
– Foto's: R40 per foto kontant

Vrydag 25 Januarie

Dra Affie-das, -baadjie en -pet vir die eerste keer skool toe.

Sing die skoollied en skreeu die kreet vir die eerste keer vir die skool.

Datums vir die mentorskapprogram

21 Februarie (18:00)
12 Maart (18:00)
15 April (18:00)
22 Mei (18:00)
20 Augustus (18:00)

SEDERT 1920